

OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 6 MEI 2022 OM 10:00 TE
PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Otto Pepler
Hylien de Jonge
Riekie Pienaar
Anita Swanepoel
Buks Degenaar
Martiens Kuneke
Maranda Degenaar

1 OPENING & VERWELKOMING

Walter heet almal teenwoordig welkom. Hy open die vergadering met gebed.

2 VERSKONINGS

Joe Meyer sou telefonies inskakel. Beurtkrag verhoed dit egter.

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES

Die notule van die vergadering, gehou op 21 Januarie 2022, word aanvaar en goedgekeur.
Voorgestel: Martiens. Sekondant: Riekie

4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

4.1 FINANSIES

Martiens bespreek die Finansiële staat. Sien staat aangeheg.

Hy noem dat, soos verlede jaar, 170 lede betaal het, uit 80 huishoudings, 41 huishoudings het donasies gegee.

Die Finansies lyk gesond. Mnr. Fowler het tydens die AJV voorgestel dat daar na beter rente gekyk moet word. Daar is besluit om die geldmarkrekening te behou, sodat die geld beskikbaar is wanneer nodig en nie onderhewig sal wees aan 'n wagtydperk nie.

Martiens meld dat geld beskikbaar is vir projekte. Walter noem dat die bossiekapper nog aangekoop moet word.

Otto onderneem om mense wat nie ledegeld betaal nie en persone wat nie lede van die OIV is nie, te besoek. Daar is enkeles wat in die verlede betaal het, maar nie hierdie jaar nie.

Dit is opmerklik dat die persone wat die meeste kla nie ledegeld betaal nie.

AKSIE: OTTO

4.2 GEMEENSKAPSAAL

Walter noem dat die MOU weer verval het. Eugene Goliath het hom meegedeel dat hy besig is met ander belangrike sake. Die saal bly egter die verantwoordelikheid van die OIV soos gedurende Januarie deur die Speaker onderneem. Walter bedank die aangewese Bestuurslede vir hulle hulp met die oop- en toesluit van die saal.

Die beton palisade-heining om die saal word eersdaags opgerig. Die Munisipaliteit het Walter meegedeel dat die begroting nie die omheining van die totale gronde waarop die saal staan, sal dek nie. Aan die suidekant sal die heining ongeveer 3 meter van die saal af wees en aan die noordekant in lyn met die melkhoutboom. Twee skuifhekke vir ingang en uitgang sal in hierdie heining wees. Wes en oos sal die heining op die grense van die erf wees. 'n Oprit sal na die teerpad aangebring word.

Otto noem dat hy bereid is om 'n ekstra kamera aan te laat aanbring wat op die saal gerig is. Walter herinner dat die kameras aan die Tsitsikamma-Oos Boerevereniging behoort en dat die OIV 'n bydra maak vir die kameras tot die ingang van die Dorp. Otto onderneem om met Maizie Vermaak, Sekretaresse van die Boerevereniging, hieroor te beraadslaag.

AKSIE: OTTO & WALTER

4.3 AFVALSTORTINGSTERREIN

Walter noem dat ons steeds wag vir die kennisgewingbord by die afvalstortingsterrein.

Bestuurslede meld dat Munisipale werknemers by die terrein sit/lê en niks doen nie. Walter meld dat die bestuur van Munisipale personeel nie die funksie van die OIV is nie. Sou enigeen klagtes in die verband wou opper, staan dit hulle vry om die aangeleentheid met die betrokke Munisipale Bestuurder op te neem.

4.4 KOMMUNIKASIE

4.4.1 Kwartaalverslag

Walter noem dat positiewe terugvoer oor die vorige kwartaalverslag ontvang is. Adriaan herinner dat elke Bestuurslid insette moet gee.

AKSIE: ALLE BESTUURSLEDE

4.5 WATERVOORSIENING

Otto stel voor dat Buks vir Ricardo van die Munisipaliteit moet nooi en aan hom die werking van die watervoorsiening in Oesterbaai moet wys. Otto meld ook dat die waterreservoirs elke vyf jaar skoongemaak moet word.

Adriaan verneem of Hylie die inligting oor die gehalte van drinkwater kon verkry. Hylie vermeld dat die gesondheidsinspekteur haar na die Munisipale Bestuurder verwys het, aangesien die inligting nie meer publiseer word nie. Hylie het die aangeleentheid met die Wyksraadslid, Princess, opgeneem. Sy het onderneem om dit verder te neem. Sy steun die mening dat dit elke landsburger se reg is om inligting oor die gehalte van drinkwater te verkry.

AKSIE: BUKS, HYLIEN EN WALTER

6.6 OMGEWINGSAKE

Walter meld dat Ricardo hom meegedeel het dat 'n stootskraper binnekort na Oesterbaai gebring word vir instandhouding van die duine. Otto noem dat die operateur van die stootskraper kennis moet hê oor die aangeleentheid. Walter noem dat 'n ingenieur in diens van die Munisipaliteit die vorige winter die werk op die duine bestuur het.

6.7 PAAIE

Walter deel die komitee mee dat hy 'n onderneming ontvang het dat die werk aan die Provinsiale paaie op die 12e Mei sal begin. Walter noem dat die aard van die klagtes deur inwoners oor die paaie onaangenaam was, omdat sekere inwoners Bestuurslede vir die toestand van die paaie verantwoordelik hou. Hulle het ongelukkig ook nie kennis oor watter owerhede verantwoordelik is vir die instandhouding van die verskillende paaie nie.

Hylien versoek dat die werking van die Nasionale, Provinsiale en Munisipale owerhede in die volgende Kwartaalverslag verduidelik moet word.

Walter meld ook dat dit waarde mag hê om die media betrokke te kry by die kwessie van die paaie na Oesterbaai, veral ook die gevaar van die tydelike bruggie net voor die St. Francis pad.

AKSIE: WALTER

4.8 UMZAMOWETHU.

Walter meld dat alhoewel by die vorige vergadering besluit is om Umzamowethu nie as staande besprekingspunt op die agenda te hou nie, die OIV altyd betrokke sal wees. As voorbeeld noem hy die sokker wisseltrofee en medaljes wat deur die OIV geborg is. Hy was ook betrokke by die reël vir die sny van gras en die herstel van die ligte by die sokkerveld.

Die Maatskaplike Werker is deur die Wyksraadslid na Umzamowethu geneem om van die inwoners van diens te wees. Die OIV is slegs betrokke by die kommunikasie.

Otto noem dat Living Waters uitstekende opheffingswerk in Umzamowethu doen. Herman het aan Otto genoem dat hulle ondersoek doen na die moontlikheid om 'n ambag opleidingskool in Umzamowethu te begin. Dit sal die groot werkloosheidsprobleem aanspreek.

Adriaan noem dat die Oesterbaai inwoners die belangrikste werkgewers vir Umzamowethu inwoners is. Daar is eenvoudig nie genoeg werk vir almal nie.

6.9 BRANDWEER

Walter bedank Riekie vir haar skakeling met die Brandweer en stel haar aan die woord.

Riekie meld dat die brandblussers in die Saal gediens is. Walter noem dat Henrico die Brandweer sleepwa kom inspekteer het en dit sal gediens word. Hy het ook onderneem om die brandkrane na te gaan en waar nodig probleme aan Ricardo te rapporteer.

Riekie meld dat daar aanvanklik deur die NSRI en die OIV 'n onderneming gegee is om die brandweer sleepwa onderdak te stoor. Daar is egter nie meer by die NSRI plek beskikbaar. Otto stel voor dat 'n afdak by die boonste pompstasiekamer opgerig moet word vir die doel.

Otto noem dat meer jong mense in Oesterbaai en Umzamowethu betrokke by brandbestryding moet raak. Walter noem dat Henrico aangebied het om weer brand opleiding te kom gee. In die verlede is dit baie goed deur die Umzamowethu jong mense bygewoon.

Otto noem dat daar ook drie brandkrane in Umzamowethu is en dat die inwoners moet weet hoe dit werk.

AKSIE: RIEKIE, BUKS & WALTER

4.10 BIBLIOTEEK

Adriaan noem dat die Biblioteek baie toeganklik is vir die publiek. Daar word nog gewag vir die plafon.

4.11 DORPSVERFRAAIING

4.11.1 Voetslaanpad

Otto noem dat die beginpunt van die voetslaanpad nog 'n probleem is. Die pad sal oor drie weke weer heeltemal skoongemaak wees.

Hy sê ook dat daar nog gewag moet word vir 'n naam vir die voetslaanpad en publisiteit oor die pad.

AKSIE: OTTO

4.12 TYHYPUNT

Walter noem dat alles op hierdie stadium stil is oor Thyspunt. Hy gaan gereeld op die NNR webtuiste in om te bepaal of daar enige verdere verwickelinge is.

4.13 MUNISIPALE WYKSKOMITEE

Walter meld dat Mariekie Smit as verteenwoordiger van Oesterbaai op die wykskomitee verkies is. Hy staan haar maandeliks by met die saamstel van haar verslag aan die Wyksraadslid. Op die wyse word die gemeenskap se behoeftes van twee rigtings geregistreer.

AKSIE: WALTER

4.14 TELKOMKABELS

Walter noem dat die reaksie op die klagte wat hy oor die Telkom pale en kabels gekommunikeer het, ongelukkig net gelei het tot die verwydering van die pale wat omgeval het. Die ander onnet pale en kabels het geen aandag gekry nie.

4.15 GROEPSFOTO

Die Groepsfoto van die Bestuurskomitee word geneem.

AKSIE: HYLIE

4.16 KERSMARK

Die Kersmark sal weer in die Gemeenskapsaal plaasvind, op 21 Desember 2022. Die nuwe klankstelsel sal baie help.

’n Werkskomitee word gestig met Riekie aan hoof. Hulle vergader op 12 Mei om 11:15 by Riekie se huis. Buks, Maranda, Hylie en Anita stel hulle beskikbaar.

Otto noem dat die Bestuur van die Karavaanpark betrek moet word. Dit sal ’n goeie advertensie vir hulle wees.

Buks stel voor dat ’n Oujaarsdans op 30 Desember gehou word om fondse te genereer.

AKSIE: KOMITEE

5. NUWE SAKE

5.1 OESTERBAAI WINDPLASE GEMEENSKAPTRUST

Walter noem dat Debonise Malan van Umzamowethu verkies is om die Oesterbaai gemeenskap op die Trust te verteenwoordig.

6 VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal by Buks en Maranda plaasvind

7 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname. Die vergadering word verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
SEKRETARESE

DATUM: